

Plek vir politiek in skole, 'maar g'n politieke agendas'

Deur Hannes Kruger 20 April 2017 19:53



[Dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, een van die voorlopers in die ANC-leierskapstryd. Foto: S'thembile Cele](#)

Daar is plek vir politiek in skole, maar geen plek vir politieke agendas nie, sê dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas).

“Leerlinge moet leer watter politieke partye bestaan, hoe die stemproses werk en wie aan die bewind is. Dit is wel ontoelaatbaar om ’n ruimte vir politieke menings en aktiwiteite by skole te skep,” sê Deacon.

Prof. Elda de Waal, navorsingsprofessor aan die Noordwes-Universiteit se Edu-Right-navorsingsentiteit op die Potchefstroom-kampus, sê dit is geen geheim dat onderwysers soms politieke opmerkings maak, negatiewe grafiese voorstellings in die klas wys of twyfelagtige grappe maak nie.

Dit gebeur nie net in die sogenaamde voormalige model C-skole nie.

“Dit gebeur in alle skole. Tog is sulke voorvalle al in die verlede vinnig aangespreek en die beleid daaroor word baie streng toegepas.”

Dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, een van die voorlopers in die ANC se leierstryd, het verlede week in Sasolburg gesê: “Kan ons teruggaan skool toe en gaan kyk wat ons kinders in model C-skole leer? Hulle word eintlik geleer om teen die ANC te wees. Dit is propaganda wat hulle in skole geleer word.”

Sy sê dit is dus nie skokkend dat die kinders dink die ANC is korrupt en nutteloos nie, want dit is wat in skole gesê word.

Onderwyskenners sê haar opmerkings is “ongevraagd, goedkoop politiek en onverantwoordelik”.

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), sê sy is onverantwoordelik.

“Onderwysers weet hulle moet politiek neutraal wees en kultureel sensitief.”

Daar was nog nooit enige klagte teen onderwysers (wat die SAOU verteenwoordig) wat politieke menings in skole verkondig nie, sê Klopper.

“Onderwysers weet hulle moet fokus op die kurrikulum en nie daarvan afwyk nie.”

Deacon sê om opmerkings soos dié van Dlamini-Zuma van ’n verhoog af te verkondig, is goedkoop politiek.

“Hoekom meld sy nie sulke gevalle aan nie? Sy moet ’n formele klag aanhangig maak as sy weet van sulke gevalle.”

Mense moet wel nie dink daar mag geen politieke aktiwiteite by skole plaasvind nie.

“ ’n Skool is dikwels die enigste plek in ’n gemeenskap waar byeenkomste gehou kan word. Beheerliggame huur dikwels skoolsale uit aan politici wat hul byeenkomste daar wil hou. Dit is toelaatbaar.

“Dit mag net nie in geen skoolaktiwiteite inmeng nie, leerlinge mag nie daar wees nie en dit moet ná skoolure plaasvind,” sê Deacon.

Hy sê in skooltyd moet neutrale standpunte oor die politiek ingeneem word.

Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, het Dlamini-Zuma oor die kole gehaal.

Sy sê geen staatskool, insluitend voormalige model C-skole, word toegelaat om wanvoorstellings te maak van individue of organisasies, of om hulle te bespot nie.

De Waal sê dit is “werklik ? riem onder die hart” dat Motshekga ’n dapper standpunt inneem dat die beleid duidelik daarop gerig is om maatskaplike transformasie en gelyke onderwysgeleenthede te bevorder, terwyl dit ook die ongerymdhede van die verlede wil uitwis.

“Verder stel sy dit ook onomwonde dat die gevalle van ongewenste gedrag sonder aarseling aangespreek sal word soos dit nodig is.”